PREEK : SONDAG 23 OKTOBER 2011

Ds Freddie Schoeman

Een van die interessantste aspekte van my werk is om te sien hoe die Here ‘n pad loop met mense en hoe elke lewensfase mense se verhouding met die Here beïnvloed. In my eie lewe is ek telkens verras. Elke keer as ek dink ek het nou ‘n punt van geestelike volwassenheid bereik – waar ek gedink het ek ken nou die Here en verstaan hoe Hy werk – dan verras Hy my. Hy gebruik ‘n bepaalde ervaring in my lewe om my na ‘n nuwe fase in my verhouding met Hom te bring.

As jy terugkyk na jou lewe sal jy kan sien hoe die Here in jou lewe gewerk het. Van die dag toe Hy jou in die moederskoot begin vorm het, jou geboorte, jou kindertyd, jou tienertyd, jou eerste werk, jou troudag, jou kinders se geboorte, ... ens. Die Here het ‘n pad met jou geloop. Soms deur kronkels en draaie en hoogtes en dale. As jy mooi kyk na jou eie lewe sal jy ook sien dat jou verhouding met die Here deur bepaalde fases beweeg.

Waarheen is die Here met jou op pad?

Die Jakob-verhaal help ons om te verstaan hoe die Here met mense werk – en waarheen Hy met elkeen van ons op pad is.

Verhaal van Jakob kan in drie fases verdeel word:

- Jakob in Kanaän – waar Jakob Esau bedrieg, eers uit sy eersgeboortereg en dan ook uit die eersgeboorte seën en hy moes vlug.
- Jakob in Aram, die land van sy oom, Laban – daar trou Jakob en daar word sy kinders vir hom gebore. Maar dis ook ‘n tyd van stryd. Jakob, die bedrieër, word nou self bedrieg, ironies. Uiteindelik moet Jakob sy vroue, sy kinders en sy besittings gryp en vlug. Hy vlug uit Kanaän en hy vlug uit Aram – dis die patroon van sy lewe: vlug.
- Jakob keer terug na Kanaän – waar Esau vir hom wag. Dit is hierdie derde deel van die verhaal waarna ons vandag kyk.

In elkeen van hierdie drie fases van die verhaal tree ‘n verandering in Jakob se verhouding met God in. In die eerste fase van die verhaal, by Betel, verskyn die Here aan hom en maak aan hom ‘n onvoorwaardelike belofte: “Ek sal by jou wees”. Jakob reageer daarop met: “As ... dan sal U my God wees” – voorwaardelik. Jakob hou God op ‘n afstand – God is net daar as hy hom nodig het. Die Here moet asseblief tog net nie te veel inmeng en sy lewensstyl en manier van doen beïnvloed nie.

In die tweede fase van die verhaal – waar Jakob deur Laban bedrieg word maar waar Jakob voorspoed beleef en al hoe ryker word – begin Jakob anders dink oor die Here. Tot dusver het hy gedink: alles is te danke aan my vernuf en harde werk, maar hier aan die einde van sy verblyf in Aram besef hy: alles is te danke aan die seën van die Here. (Genesis 30:4-9)

Skuif: ek hou die Here op ‘n afstand en roep Hom in net wanneer ek in die nood is of wanneer ek hom nodig het, na: die Here seën my en alles wat ek het is te

danke aan Hom. Vir Jakob wat tot dusver geleef het volgens die beginsel: ek eerste!, is dit ‘n merkwaardige skuif. Maar die Here is nog nie klaar met hom nie. Daar is nog een belangrike skuif wat gemaak moet word. Jakob het sekere insigte oor God ontwikkel, maar daar het nog nie ‘n innerlike hartsverandering plaasgevind nie.

In die derde fase van die verhaal waarna ons vandag gaan kyk, sal ons sien hoe Jakob se hele houding en gesindheid verander omdat daar ‘n innerlike verandering plaasgevind het. Hoe het dit gebeur? Kom ons gaan kyk hoe – dit is ‘n aangrypende verhaal.

Hou jou eie verhouding met die Here in jou agterkop: in watter fase is jy?

> Jakob het sy koers gegaan, en engele van God het hom teëgekom.
> [2]Toe Jakob hulle sien, sê hy: “Dit is ’n leër (magane) van God,” en Jakob het die plek Maganajim genoem.

Hierdie twee verse dien as ‘n inleiding en voorspel tot die res van die verhaal. Maganajim is ‘n meervoudsvorm van magane. Magane kan ook beteken ‘n plek waar ‘n leër kamp opslaan. Hoekom noem Jakob nie die plek net Magane nie? Hoekom die meervoud? Twee kampe. Dit dui op die stryd tussen hom en Esau wat hy seker is gaan volg. Jakob berei homself voor op die konfrontasie met Esau.

> [3]Daarna het Jakob boodskappers vooruitgestuur na sy broer Esau toe, na die Seïrstreek toe, die gebied van Edom.
> [4]Jakob het vir hulle gesê: “So moet julle vir my geagte broer, vir Esau sê: So sê Jakob wat aan u onderdanig wil wees: Ek het tot nou toe by Laban gebly. [5]Ek besit beeste, donkies, kleinvee, slawe en slavinne. Ek laat u dit weet om te verneem of ek by u welkom sal wees.”
> [6]Die boodskappers het na Jakob toe teruggekom en kom sê: “Ons het by u broer Esau aangekom, maar toe was hy al op pad na u toe met vier honderd man by hom.” [7]Jakob het baie bang geword, angs het hom oorval.

Meteens weet Jakob dat sy verlede hom ingehaal het! Daar is nou nie meer wegkomkans nie. Hy moet nou vinnig plan maak. Let wel, daar is geen aanduiding dat Esau vyandig is nie. Dis ‘n afleiding wat Jakob maak. Sy gewete keil hom op. Hy vertel vir homself stories in sy kop wat nie noodwendig waar is nie.

> Toe deel hy die mense by hom, en die kleinvee, die beeste en die kamele in twee groepe, [8]want hy het gedink: as Esau by die eerste groep kom en dit uitwis, kan die ander groep dalk wegkom.

PLAN A: deel alles wat hy het in twee. Daar is geen pryse vir diegene wat wil raai in watter groep Jakob homself plaas nie!

> [9]Daarna het Jakob gebid: “Here, God van my voorvader Abraham, God van my vader Isak, U wat vir my gesê het om terug te gaan na my land

en my familie toe en U sal goed doen aan my, [10]ek is al u gunsbewyse nie werd nie, ook nie die trou waarmee U my versorg het nie. Toe ek destyds deur die Jordaan is, het ek net my kierie gehad, en nou het ek hierdie twee groot groepe. [11]Red my tog uit die mag van my broer Esau, ek is bang vir hom. Hy kan dalk kom en my doodmaak, en ook die moeders en kinders. [12]U het my tog beloof: Ek sal beslis goed doen aan jou, Ek sal jou nageslag so baie maak soos die sand van die see, wat nie getel kan word nie."

PLAN B: Noodgebed! Hoe dikwels het ons dit nie al gedoen nie? Jakob beroep hom op die beloftes van God wat aan hom by Betel gemaak is. By daardie geleentheid het hy van sy kant af voorwaardes gestel, maar nou beroep hy hom op die onvoorwaardelike beloftes van God aan hom.

[13]Jakob het daar oornag en die volgende môre vat hy toe uit sy besitting 'n geskenk vir sy broer Esau: [14]twee honderd bokooie en twintig bokramme, twee honderd skaapooie en twintig ramme, [15]dertig kameelkoeie met kalwers, veertig koeie en tien bulle, twintig donkiemerries en tien hingste. [16]Hy het elke trop aan 'n slaaf gegee en gesê: "Trek vorentoe, maar hou 'n afstand tussen die troppe."
[17]Hy het die voorste slaaf beveel: "Wanneer my broer Esau jou kry en jou vra: 'Wie is jy? Waarvandaan kom jy en aan wie behoort al hierdie goed voor jou?'[18]moet jy sê: Dit behoort aan Jakob wat aan u onderdanig wil wees. Dit word as geskenk aan Meneer gestuur, en hy kom self ook agter ons aan."
[19]Jakob het dieselfde opdrag aan die tweede slaaf gegee, en ook aan die derde en aan elkeen wat agter 'n trop was. Jakob het vir hulle gesê: "Wat ek vir die voorste gesê het, moet julle almal vir Esau sê as julle by hom kom. [20]Verder moet julle ook nog sê: Jakob kom agter ons aan. Hy wil aan u onderdanig wees."
Jakob het naamlik gedink: met die geskenk wat voor my uit gaan, sal ek probeer om hom in 'n goeie bui te kry. Dan sal ek na hom toe gaan en miskien ontvang hy my dan vriendelik.

PLAN C: Omkoopgeskenke! As jy nie sterk is nie, moet jy slim wees.
Nou kom ons by die hoogtepunt en die dieptepunt van die hele Jakob-verhaal. Die hele verhaal wentel rondom hierdie paar verse wat nou volg:

[21]So is die geskenk voor Jakob uit gestuur, maar hy het die aand in die kamp oorgebly. (Dit was nag in Jakob se lewe – vir 'n tweede keer. Die tema van nag/dag speel 'n sterk rol in die volgende verse.)
[22]Die nag het hy opgestaan en sy twee vrouens en sy twee persoonlike slavinne en sy elf kinders gevat en deur Jabbokdrif gegaan. [23]Nadat hy hulle deur die rivier gevat het, het hy ook alles wat hy besit, laat deurgaan. [24]Jakob het alleen daar agtergebly,

Jakob bly alleen agter. Alleen. Jakob weet: Sy planne is nou op 'n einde. Tot dusver het hy die hele tyd geskuil agter mense en geskenke om sodoende konfrontasie te vermy. Dis asof Jakob nou weet: As ek Esau suksesvol wil konfronteer, moet ek eers dit wat binne in my is konfronteer. Dit behels altyd 'n konfrontasie met God self.

Jakob wat altyd ander mense gemanipuleer en misbruik het vir eie gewin, neem nou self verantwoordelikheid. Die naam van die rivier is opvallend: Jabbok. Jakob moet op sy eie, alleen deur die Jabbokdrif gaan. Ons as leser voel aan dat hier 'n betekenisvolle deurgang moet plaasvind. Hier moet 'n drastiese, radikale omkeer in Jakob se lewe plaasvind. Die oorsteek van die drif is dus simbolies vir 'n uiters ingrypende verandering wat gedurende die nag moet plaasvind.

en 'n man het tot dagbreek met hom gestoei. [25]Toe die man agterkom dat hy nie vir Jakob kan wen nie, het die man, terwyl hy met hom stoei, vir Jakob teen die heup geslaan sodat dit uit die potjie gespring het.
[26]Die man het vir Jakob gesê: "Los my, want die dag breek."
Jakob het geantwoord: "Ek sal jou net los as jy my seën."
[27]Toe vra die man: "Wat is jou naam?" en hy antwoord: "Jakob." (Jakob erken wil hy is: 'n bedrieër deur en deur.)
[28]Die man het gesê: "Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel , want jy het teen God en teen mense 'n stryd gevoer en jy het dit end-uit volgehou."
[29]Toe sê Jakob: "Sê my tog jou naam," en die man vra: "Waarom vra jy my naam?"
Hy het vir Jakob net daar geseën, [30]en Jakob het die plek Pniël genoem, "want," het hy gesê, "ek het God van aangesig tot aangesig gesien en tog het ek nie omgekom nie."
[31]Net toe Jakob by Pniël verbygaan, het die son opgekom. (Die son het op hom geskyn) Jakob het mank gebly aan sy heup, [32]en daarom eet die Israeliete tot nou toe nie die senuweebondel wat aan die heup vaskom nie, want die man het vir Jakob teen sy heup geslaan, op die heupsenuwee.

Jakob beleef 'n krisistyd in sy lewe.

Ons beleef ook sekere krisistye in ons lewe. Ons kan ook praat van oorgangstye – tye waarin dit voel asof alles besig is om te skuif en die fondament van ons lewens onder ons uitgeruk word. Alles waaroor ons seker was, is nou skielik onseker. Dit is 'n tyd van angs en 'n gevoel van onveiligheid – nie net ons fisieke veiligheid nie maar ons psigiese veiligheid.

Dit is juis in sulke tye dat die Here met ons kan werk – dat ons Hom van aangesig tot aangesig sien. Voorwaarde: ons moet vashou aan Hom. Weier om Hom te los totdat hierdie deurmekaar tyd 'n geseënde tyd word.

Dis 'n tyd waartydens ons met onsself gekonfronteer word. Ons word gekonfronteer met ons verlede. Daar is dinge wat uitgemaak moet word, wat afgehandel moet word. Dit behels soms sondebelydenis. Voordat verandering en groei in ons kan plaasvind, moet ons sekere dinge in ons lewens aflê.
Die resultaat is tweërlei: 'n verwondheid, wat lei tot 'n nederigheid. 'n Soort van 'n gebrokenheid wat teken is van heling. Ook: totale oorgawe aan God en vrede met God.

---ooo---000---ooo---

Wat is die pad wat die Here met jou loop? Waar is jy op jou geloofspad? Is jy daar waar die Here ‘n randfiguur in jou lewe is? Jy hoop maar Hy is daar as jy Hom nodig het.

Of weet jy dat alles wat jy is en alles wat jy is aan Hom te danke is – maar nog nie by die punte van totale oorgawe nie?

Of dalk is jy besig om in ‘n krisistyd in te beweeg of dalk is jy in die middel van so ‘n tyd.

Wat moet jy doen om die volgende tree te gee?

FREDDIE SCHOEMAN